Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## RELIGIESTUDIES V1

## NOVEMBER 2018

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B.

2. AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Beantwoord enige TWEE vrae in hierdie afdeling.

3. Lees AL die vrae aandagtig deur.

4. Begin ELKE antwoord op 'n NUWE bladsy.

5. Die lengte van die antwoorde moet ooreenstem met die punte wat aan elke vraag toegeken is.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Skryf netjies en leesbaar.

ÉcoleBooks



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



**AFDELING A (VERPLIGTEND)**

**VRAAG 1**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.11 D.

1.1.1 Die Tao Te Ching is deur … geskryf.

A Chuang Tzu
B Yang
C Lao Tzu
D Confucius (1)

1.1.2 In die Afrika Tradisionele Godsdiens kan hierdie persoon dolosse gooi in die uitvoering van sekere rituele:

A Indoena
B Hoofman
C Sangoma/Isangoma
D Intlabi (1)

1.1.3 Die oudste vertakking van Boeddhisme is …

EcoleBooks

A Theravada-Boeddhisme.
B Zen-Boeddhisme.
C Mahajana-Boeddhisme.
D Tibettaanse Boeddhisme. (1)

1.1.4 Die groot Hindoe-wysgeer, Krishna Dwipayana, het hierdie heilige boeke saamgestel:

A Die Kitáb-i-Aqdas en die Mahabharata
B Prediker en Openbaring
C Die Pali Kanon en die Tripitaka
D Die Rig-Veda en die Samaveda (1)

1.1.5 Hou vas aan tradisionele, konvensionele waardes:

A Konserwatisme
B Sekularisme
C Confucianisme
D Dwaalleer/Kettery (1)

1.1.6 Die Tenach in Judaïsme kom ooreen met hierdie deel van die Christelike Bybel:

A Die Nuwe Testament
B Die Pentateug
C Die Handelinge van die Apostels
D Die Ou Testament (1)

1.1.7 'n Geestelike oefening om moksha te bereik, wat asembeheer en spesifieke liggaamshoudings insluit:

A Mistisisme/Mistiek
B Meditasie
C Mantra
D Joga (1)

1.1.8 Elke mens in die heelal beheer sy/haar eie lot en word nie deur enige ander persoon of enige hoër wese, soos 'n god, beheer nie. Dit is 'n lering van …

A die Afrika Tradisionele Godsdiens.
B Hindoeïsme.
C Boeddhisme.
D die Bahá'i-geloof. (1)

ÉcoleBooks

1.1.9 'n Verklaring wat in 1993 deur die Parlement van die Wêreld se Godsdienste aangeneem is:

A Die Handves vir Barmhartigheid
B Na 'n Wêreldetiek toe
C Millennium-ontwikkelingsdoelwitte
D Die Vryheidshandves (1)

1.1.10 Twee leiers van die Bahá'i-geloof was …

A Abdu'l-Baha en Bahá'u'lláh.
B Abdu'l-Baha en Abu Bakr.
C Bahá'u'lláh en Hermann Zimmer.
D Bahá'u'lláh en Maimonides. (1)


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



1.2 Kies die woord in elke lys hieronder wat NIE by die res pas NIE. Skryf die woord langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer en gee 'n rede waarom dit NIE pas NIE.

VOORBEELD: Piesang; Appel; Aartappel; Druiwe
ANTWOORD: 1.2.6 Aartappel. Die ander is almal vrugte.

1.2.1 Rooms-Katoliek; Baptis; Presbiteriaans; Metodis (2)

1.2.2 Fatwa; Shahada; Ilima; Wudu (2)

1.2.3 Psalms; Mites; Gelykenisse; Legendes (2)

1.2.4 Copernicus; Darwin; Galileo; Kepler (2)

1.2.5 Imam; Dominee; Rabbi; Martelaar (2)

1.3 Kies 'n item uit KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–H) langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.6) in die ANTWOORDEBOEK neer. Moet NIE enige letter meer as EEN keer gebruik NIE.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.3.1 | Die Tien Gebooie is op hierdie berg aan Moses gegee | A | voorvaders |
| 1.3.2 | Hierdie vorm van Christelikheid het sy oorsprong in Afrika | B | Tenzin Gyatso |
| 1.3.3 | Familielede wat gesterf het en by die geestesryk aangesluit het | C | Inkwisisie |
| 1.3.4 | Die Dalai Lama, leier van Tibettaanse Boeddhisme | D | pluralisme |
| 1.3.5 | Die Rooms-Katolieke Kerk het in die 15de eeu hierdie geregshof in Spanje gevestig om teen dwaalleer/kettery te waak | E | ateïsme |
| 1.3.6 | Alle godsdienste is weë na die waarheid en is ewe geldig | F | Sinai |
| | | G | Afrika Tradisionele Godsdiens |
| | | H | Afrika-geïnisieerde Kerke |

(6 x 1) (6)

1.4 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommers (1.4.1 tot 1.4.6) in die ANTWOORDEBOEK neer. Korrigeer die stelling indien dit ONWAAR is.

1.4.1 Martin Luther King het die Hervorming begin. (2)

1.4.2 Die Aartsbiskop van Canterbury is die erf-hoof van die Anglikaanse kerk. (2)

1.4.3 Om elemente van een godsdiens met elemente van 'n ander te meng om 'n nuwe godsdiens te vorm, word fundamentalisme genoem. (2)

1.4.4 Die Bahá'i-geloof is 'n stamgebaseerde godsdiens. (2)

1.4.5 Konserwatiewe Judaïsme is die oudste onderafdeling van Judaïsme. (2)

1.4.6 Barmhartigheid is 'n godsdienstige viering/onderhouding wat bedoel is om ons aan 'n heilige gebeurtenis te herinner. (2)

1.5 Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord neer te skryf. Skryf slegs die woord langs die vraagnommers (1.5.1 tot 1.5.6) in die ANTWOORDEBOEK neer.

ÉcoleBooks

1.5.1 Die Kruistogte gedurende die Middeleeue was godsdienstige oorloë wat tussen die Moslems en die … gevoer is. (2)

1.5.2 Die volgelinge van Hindoeïsme noem hulle godheid … (2)

1.5.3 Die Christelike godsdiens het in die 4$^{de}$ eeu die amptelike godsdiens van die Romeinse Ryk onder Keiser … geword. (2)

1.5.4 'n Stelling oor hoe iets in 'n godsdiens waargeneem word, word 'n beskrywende stelling genoem, maar 'n stelling oor hoe iets veronderstel is om te wees, word 'n … stelling genoem. (2)

1.5.5 Volgens Taoïsme word die 'tienduisend dinge' deur die Drie geproduseer en die Drie word deur die Twee geproduseer. Die Twee is die … en … (2)

1.5.6 Die primêre bron van die Sjaria is die heilige geskrif, genoem die … (2)

**TOTAAL AFDELING A: 50**



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


**AFDELING B**

Beantwoord enige TWEE vrae in hierdie afdeling.

**VRAAG 2**

2.1 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**PARLEMENT VAN DIE WÊRELD SE GODSDIENSTE**

Die eerste sitting van die Parlement van die Wêreld se Godsdienste is in 1893 in Chicago gehou met die doel om 'n globale gesprek oor gelowe te skep. Daar was sedert daardie geleentheid verskeie verdere Parlementsittings.

[Bron: *Shuters Top Class Religion Studies Grade 12*]

2.1.1 Wat is DRIE positiewe uitkomste van die eerste Parlement van die Wêreld se Godsdienste? (6)

2.1.2 Verduidelik, in TWEE sinne, die frase 'globale gesprek oor gelowe'. (4)

2.1.3 Hoe verskil die parlement van 'n land van dié van die Parlement van die Wêreld se Godsdienste? (6)

2.1.4 Die Parlement van die Wêreld se Godsdienste is maar net een intergodsdienstige organisasie. Noem EEN ander intergodsdienstige organisasie en bespreek die suksesse en mislukkings daarvan. (12)

2.1.5 Die Parlement van die Wêreld se Godsdienste is in 1999 in Kaapstad gehou. Gee DRIE redes waarom Kaapstad gekies is. (6)

2.2 Verduidelik die verband tussen *godsdienstige lering* en *godsdienstige oortuiging*. (4)

2.3 Noem TWEE verskille tussen *doktrine/leerstelling* en *dogma*. (4)

2.4 Verduidelik die volgende in die konteks van godsdiens:

2.4.1 Uniekheid (2)

2.4.2 Eenheid (2)

2.5 Gee EEN voorbeeld van die volgende:

2.5.1 Eenheid in 'n godsdiens (2)

2.5.2 Eenheid tussen verskillende godsdienste (2)
**[50]**

## VRAAG 3

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**GODSDIENS EN DIE MEDIA**

In verskeie studies oor godsdienstige dekking in die media was die belangrikste gevolgtrekkings die volgende:

(a) Dekking het in die loop van die laaste dekade betekenisvol gestyg, maar dit was baie negatief.

(b) Die houding teenoor ortodokse gelowe is meesal vyandig, maar teenoor minderheidsgodsdienste is dit gunstig.

(c) Die persone met wie heel dikwels onderhoude gevoer word, is diegene wat ortodokse godsdienste bevraagteken.

(d) Die politieke elemente van godsdienstige idees en instansies kry die meeste dekking.

(e) Die stryd van vroue en minderhede kry ook baie aandag.

(f) Kwessies wat seksuele moraliteit behels, kry baie aandag.

(g) Teologiese en geestelike vrae word selde as nuuswaardig aangebied.

[Aangepas uit *Religion Studies Grade 12*, Steyn et al.]

3.1. Wat verstaan jy onder die woord *media*? Sluit TWEE verskillende tipes media by jou antwoord in. (6)

EcoleBooks

3.2 Bespreek gevolgtrekking (a) in die uittreksel hierbo en dui aan of dit vir godsdiens voordelig is, of nie. (6)

3.3 Verwys na gevolgtrekking (b) in die uittreksel hierbo en beantwoord die volgende vrae:

3.3.1 Verduidelik, in jou eie woorde, wat met *ortodokse gelowe* en *minderheidsgodsdienste* in hierdie konteks bedoel word. (4)

3.3.2 Stel TWEE redes voor waarom die 'houding … meesal vyandig' teenoor ortodokse gelowe is, maar 'gunstig' teenoor minderheidsgodsdienste is. (4)

3.4 Verwys na gevolgtrekking (f) in die uittreksel hierbo. Bespreek EEN voorbeeld hiervan wat jy in die media opgemerk het. (10)

3.5 Met betrekking tot godsdienstige dekking in die media, verduidelik wat met ELK van die volgende bedoel word en gee 'n geskikte voorbeeld in ELKE geval:

3.5.1 Stereotipering (4)
3.5.2 Vooroordeel (4)
3.5.3 Onpartydigheid (4)
3.5.4 Sensasionalisme (4)
3.5.5 Feitelike/Juiste weergawe (4)

**[50]**



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



**VRAAG 4**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**MENSEREGTE**

Die Verenigde Nasies se Universele Verklaring van Menseregte is in 1948 voorgelê en deur regerings oor die wêreld heen geteken. In hierdie dokument word menseregte op die inherente waardigheid van mense gebaseer.

[Bron: *Religion Studies Grade 12*, Steyn et al.]

4.1 Godsdiensvryheid is 'n mensereg. Noem enige TWEE ander menseregte en bespreek die verantwoordelikhede wat met ELKEEN geassosieer word. (8)

4.2 Wat sê die Suid-Afrikaanse Konstitusie oor godsdiensvryheid? (8)

4.3 Hoe toon Suid-Afrika godsdiensvryheid? (10)

4.4 Noem EEN land in die wêreld waar godsdiensvryheid geskend is. Verduidelik die aard van die skending. (8)

4.5 Met verwysing na ENIGE van die godsdienste wat jy bestudeer het, noem VIER leringe wat mekaar ten opsigte van ELK van die volgende ondersteun:

4.5.1 Menseregte (8)

4.5.2 Godsdiensvryheid (8)
**[50]**

## VRAAG 5

5.1 Verduidelik ELK van die volgende en noem EEN godsdiens waarmee dit geassosieer word:

5.1.1 Monoteïsme (4)

5.1.2 Sannyasin (4)

5.1.3 Ubuntu (4)

5.1.4 Dharma (4)

5.2 Identifiseer EEN algemene kenmerk van ELK van die volgende groepe:

5.2.1 Christelike godsdiens, Islam en Judaïsme (2)

5.2.2 Hindoeïsme en Boeddhisme (2)

5.2.3 Afrika Tradisionele Godsdiens en die Afrika-geïnisieerde Kerke (2)

5.3 Alle Moslems deel 'n gemeenskaplike stel oortuiginge (imaan). Noem SES van hierdie oortuiginge. (12)

5.4 Vergelyk die konsepte van *godsdiens* en *ideologie*. (4)

ÉcoleBooks

5.5 Kies EEN godsdiens en bespreek DRIE van die unieke kenmerke daarvan. (12)
**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 100**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM